


Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Ave, Orkney, 2619
Crossroad Gospel Message: FNB Account Nr 62355533540, Branch Code 250655

Toemaar moenie bekommerd raak nie... dis nie ons nuwe evangelis nie! Die outjie was egter die middelpunt van Francois se boodskap op 27 Mei ek deel dit graag met jou...



# (S)Moor die Kritici!


**Lees Lukas 23: 1-9"Jesus voor Pilatus & Herodes"**

In 1 Petrus 2:15 sê Paulus: "**Dit is die wil van God dat julle deur *goed* te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat.** " **(ANT)**

**Ek weet uit persoonlike ondervinding dat as mense jou begin *kritiseer en vervolg omdat jy in GELOOF lewe..* is ons menslike reaksie om dadelik terug te slaan.... so kan ons dan maklik self ook 'n bietjie kritiek uitdeel..**

**"Maybe if they get a taste of their own medicine, they'll shut their mouths," *you think...***

Jou WOORDE sal egter net petrol op hulle vuur gooi en jy sal net ...MEER en HARDER gekritiseer word as wat hulle dit vantevore gedoen het..!! **Volgens God se WOORD is daar 2 goeie maniere om hulle STIL te maak:**




1) **Moenie met hulle *ARGUMENTEER nie...***
2) **Moenie jouself *VERDEDIG nie...***

**Jesus was hewig gekritiseer deur mense van Sy tyd, but *He never fought back*. *Instead*.. Handelinge 10:38 sê......"met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, *goed gedoen* en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, *omdat God met Hom was."***

***He simply went about doing good....***

**Wanneer mense op jou begin kritisseer omrede jy 'n lewe van GELOOF leef .. Hou aan om hulle te seën! Hou aan om vir hulle te bid! Gee raad! Wees daar vir hulle! Hou aan om goed te doen teenoor hulle! Moenie ophou liefde gee nie!**

## Wat is satan se primêre doel met die mens..??

- **Om ons tyd te mors met negatiewe kritiek..**
- **Om jou te laat twyfel aan God se opdrag aan jou.. (Matthéüs 28:19)**
- **Om jou oneffektief vir God se Koninkryk te maak. (Matthéüs 13:25)**

**HE REALLY WANTS YOU TO QUIT..!**

## DON'T DO IT ! Follow the instructions!!!




**2Timóteüs 3:14 Maar jy, *bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo.***
**Jy weet tog wie jou leermeesters was...**

**John 16:13 Silence the ignorant criticisms of men by *continuing to do good and by continuing to live by faith. And when all their foolish words have faded away......you'll still be standing strong!***

# HOE ONS HELE BEDIENING INMEKAAR PAS...

**Jy het dalk al jou kop gekrap as jy ons nuusbriewe lees en gevra: "Ek wonder nou eintlik hoe die hele Kruispad ding werk? Dan praat hulle van biker's kerke, dan is hulle by ouetehuise, dan bedien hulle by 'n kamp... Sjoe, ek verstaan nie so lekker hoe dit alles inmekaar pas nie!"**

**Ons wil graag 'n oomblikkie stilstaan en vir julle hierdie vraag duidelik beantwoord. Crossroad Gospel Message is 'n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy en is die "spiritual covering body" vir 6 divisies (sien hieronder) met 1 geaffilieerde divisie naamlik Stunters 4**




# *Division 1:* Crossroad Biker's Church Network (CBCN):




**Christ (ons bedien saam as 2 bedieninge).**
Dis 'n netwerk van 15 kerke (13 in SA & 2 in Namibië) wat elkeen op hul eie funksioneer (outonome), maar in 'n broederskap staan met mekaar. Daar is geen finansiële voordeel vir Crossroads nie. Ons staan bloot as geestelike dekking en stel 'n struktuur daar wat die eenvormigheid en eenheid onder mekaar bevoordeel deur 'n Assosiasie Ooreenkoms.

Eerskomende naweek **29 & 30 Junie** hou ons ons eerste **Brother 2 Brother Pastoral Conference** en ons sien baie uit daarna om as broers en susters saam die Here die eer te gee vir Sy ontsagwekkende groot werk wat Hy deur gewone mense soos ons gedoen het in ons land! Duisende bikers en non-bikers se lewens is radikaal aangeraak en onherroeplik verander. Hard core bikers turned their lives over to Christ!! AMEN!!

**Bid asb vir hierdie konferensie wat in Pretoria gehou word. Ons is dankbaar vir ons pastore wat selfs van Wes-Kaap en Richards Bay kom! Julle is GETROU!**

# Division 1 (deel van CBCN) North-West Biker's Church (NWBC):





Ons is tans die presiderende pastoorspaar van die NWBC wat ook die **MOEDERKERK** is van die CBCN. Ons kerk is oop vir bikers en non-bikers en die huidige verdeling is ongeveer (**60:40 bikers:publiek**)

Die NWBC is in Klerksdorp **gevestig in 2009** en ons het **elke 2de Sondag slegs 'n oggenddiens** asook 'n **Kinderkerkdiens** terselfdertyd. Ons kinderkerk is op 'n uitstekende kurrikulum van **Paidion Kinderbediening** gebaseer met uitstekende resultate.

Ons bedien ook as herders en verskaf 'n **volledige kerkkantoor infrastruktuur**, doen **troues, begrafnisse, beradings** en alles wat nodig is om hierdie kerk te laat funksioneer soos enige normale kerk daar buite. Dis harde werk om by te bly ten spyte van al ons ander bedieninge, maar met God se krag doen ons dit! Ons vier die **22ste Julie ons 3de bestaansjaa**r en gee God al die eer!

# 24 Junie 2012 - Ons gaan groot!




082 879 5439

**24 Junie 2012:** Ons heel eerste **AMPTELIKE GEMEENTEVERGADERING** word gehou waarin ons 'n Konstitutionele verandering aangebring het t.o.v ons **AMPTELIKE LIDMAATSKAP by die NWBC**. Aangesien die NWBC nou losstaan van die **NWBA (North West Biker's Association),** kan jy slegs 'n lidmaat word van die NWBC deur 'n Amptelike Aansoek waarin jy die Konstitusie, Faith Statement en Skriftuurlike gebruike van die NWBC skriftelik aanvaar het. **Ons nuwe konstitusie is beskikbaar op ons webtuiste asook ons Geloofsverklaring en Skriftuurlike gebruike.**

**ONS VERWELKOM ONS NUWE TESOURIER!** Ons verwelkom heel eerste vir Tinus Maree wat vandag amptelik aangestel is as die nuwe **Tesourier** van die NWBC. Ons weet jy gaan 'n groot aanwins wees vir die NWBC en jy en Drieka is mense wat die saai & maai beginsels verstaan.Ons bind God se guns en seën styf vas aan jou nuwe portefeulje in ons Uitvoerende Raad!

**FINANSIëLE BOEKJAAR 2011/12:** Tinus het ook vir ons gemeente ons Finansiële state voorgelê vir ons boekjaar van 2011/12. Baie dankie vir 'n job well-done! Ons is dankbaar vir elke lidmaat wat God se werk ondersteun deur hul finansies. Sonder dit, het ons nie 'n kerk nie. Ons inkomstes groei stadig maar seker en ons vertrou die Here om hierdie jaar groot uitreikings en evangelisasie projekte vanuit ons gemeente te lanseer!



Ons stel ook met trots ons nuwe **Operational Team Leader** voor! Baie welkom aan **Coen Claassens** wat alreeds ons gemeente vir die afgelope 2 jaar dien en hy en Connie sorg dat alles in plek is vir elke diens! Ons hou tans in Mayfair Village se grootsaal kerk en dis groot werk om hierdie saal elke 2de Sondag te omskep in 'n kerk met die hele infrastruktuur wat nodig is om ons dienste glad te laat verloop! Coen neem oor by Tinus wat hierdie posisie voorheen hanteer het.

**Kontak ons NWBC kerkkantoor by :** (018) 473 5354 of e-pos ons na admin@nwbikerschurch.co.za.

**Website:** www.nwbikerschurch.co.za (Webmaster - René van den Bergh 073 258 2688)

# Audio Boodskappe

Ons is baie dankbaar vir Vincent Gricius wat huidiglik vir ons **audio opnames** maak van Francois se boodskappe wat by die **NW Biker's Church** gepreek word. Indien u graag hiervan wil bestel, Kontak ons gerus tydens kantoor-ure by: **(018) 473 5354**



# Division 2: Soul Winners / Siele Wenners:




Ons straat bediening wat in **Vanderbijlpark** begin het in **2006** word steeds suksesvole deur Ps Nico en sy span gedryf vanuit **AGS Dinamika.** Die wat nog nie vir **Tannie Lettie** of te wel ons eie **Matrone** op straat gesien het nie, mis uit! Dit is 'n belewenis om saam met haar op die straat te wees! **Bothaville Siele Wenners** staan onder leiding van **Magriet Venter** en haar toegewyde span. Ons gee letterlik kos, klere en die Woord op straat!



# Division 3: Place of Restoration Makwassie!!

**Place of Restoration:** Hierdie is 'n projek waarmee ons begin het om gebroke, emosioneel gewonde families, mense en huwelike te help. Ons het in 2008 die grond gekoop en ontwikkel soos wat die Here finansies voorsien het. Ons begin tans met fase 2 om 'n skuur konstruksie van 9x18x3.5m op te rig vir kantore, ons nuwe studio ens. Bid saam met ons vir voordeel en guns om hierdie plek so spoedig moontlik operationeel te kry! Dit gaan nog baie geld, baie sweet en baie tyd vat, maar ons vorder en elke dag is ons 'n stappie nader aan hierdie droom!





**Ons rehabiliteer tans die grond van 21 jr se diamant delwery 1974-1995!**




# FASE 2 BEGIN!




**Landbou Weekblad van 15 Junie 2012**

Ja dis die blond se handskrif! Ons het ons behoorlik siek gebel vir pryse en bel Vrydag die nr van V.I.P Konstruksie en praat met Piet Bezuidenhout . Hy is toe net opgeneem in die hospitaal met longonsteking! In sy toestand vertel hy my dat hulle 'n special het... R36 800! IBR plate die works!

## STAALKONSTRUKSIE TANS OP SPECIAL!

**9X18X3.5M (Sluit volledige konstruksie sonder vloer in)**
**Ingenieursontwerp & Sertifikate**

**Ons beplan om 2 van hierdie konstruksies op te rig soos die Here wil.**
**Konstruksie 1** = kantoor kompleks, toekomstige video ateljee, 1x kamer, industriële kombuis wat sal inloop in hoofsaal.
**Konstruksie 2** = Hoof Saal, Mans & Dames Badkamers

**"ONS VERTROU U HERE VIR VOORSIENING EN ROEP DIE DINGE WAT NIE IS NIE ASOF DIT REEDS BESTAAN!"**

**Francois werk tans kliphard aan Place of Restoration en die pastoortjie se hande is behoorlik eelte! Hy geniet egter elke oomblik en skryf in die nag laaaang stories oor dié restorasie proses...ook in ons lewens!**

# Division 4: Crossroad Video Recording Studio:




**Crossroad Video Recording Studio:** Ons het in Desember 2010 begin om 'n ateljee te skep waar ons getuienisse, boodskappe en ander video materiaal kan opneem ter uitbreiding van God se Koninkryk en sodoende die Evangelie vinniger voete te gee! Ons het deur die genade van God en die gehoorsaamheid van 2 kosbare mense, begin om hierdie gespesialiseerde toerusting aan te koop. Ons beskik oor 3 gewone video kameras en dan een uitstekende Sony Z5 kamera asook 'n volledige multi-cam sisteem. Dit beteken ons kan met 4 kameras tegelykertyd 'n opname doen en die geselekteerde data van elke kamera wat nou vooraf geselekteer word deur 'n video mixer word direk deur 'n "recorder" genaamd die Casablanca opgeneem. Dit maak jou opname baie meer interressant, professioneel en spaar jou hope editing tyd!

**Ons vertrou die Here nou vir die korrekte beligting (R18000), aangesien dit 'n kardinale rol speel in die kwaliteit van die eindproduk. Beligting kan jou produksie maak of breek!**




## Gerrie de Jager laat neem sy getuienis op by ons op 12 Junie!




Die verhaal wat hierdie geliefde jong man vertel, ruk jou hart in stukke!

Gerrie, 'n pragtige, kranige sportman se lewe verander na 700m van sinnelose waansin! Hy jaag met sy motor in 'n boom vas en breek sy nek op 3 plekke. Na 47 dae in ICU verklaar hulle hom 'n kwadrupleeg en sy lewe word onherroeplik verander....

Gerrie het egter nie gaan lê nie en dis so ontsagwekkend groot om te sien hoe doelgerig hy is om sy lewe so normaal moontlik voor te sit ten spyte van sy omstandighede. Hy studeer tans aan Pukke Aptekerswese! Wat 'n groot getuienis!

Gerrie se ma, **Ps Elma de Jager van AGS Charisma in Klerksdorp** staan Gerrie 200% by in elke uitdaging. Hulle bedien ook die land vol om die Goeie Nuus van HOOP te bring aan soveel mense wat op die rand van wanhoop en opgee staan. Hulle was daar...'n paar keer al, maar hul boodskap sal jou verseker met ander oë laat kyk na jou omstandighede!

**Gerrie se getuienis is by ons Crossroad Studio opgeneem in Engels aangesien dit oorsee gestuur moes word na Kanada toe, maar dit word binnekort as die Here wil, in Afrikaans opgeneem. Die volledige getuienis op DVD kan bestel word by Ps Elma de Jager @ 071 561 7820. Gerrie kan ook genooi word om by enige geleentheid te kom bedien en maak 'n groot impak op veral tieners en jongmense, maar dit raak elkeen van ons!**

Power of Words ministries

Proverbs 18:21 Words kill, words give life; they're either poison or fruit - you choose!



Ons volgende ateljee onderhoud is met Drieka Maree wat tans haar geveg teen kanker stry, maar met 'n groot verskil! Sy gaan vir ons vertel wat haar kragtigste wapen is wat ook die naam van haar bediening is....DIE KRAG VAN JOU WOORDE! As mens na haar getuienis luister, en ja haar lewe is alreeds een groot wonderwerk... Gee dit jou verseker die geloofskrag om te kan glo dat God ook vir JOU 'n hoopvolle toekoms beplan! AMEN! Drieka Maree @ 083 305 8230

# Division 5: SA GOD RALLY:








**SA GOD RALLY:** Hierdie was 'n groot droom wat in ons harte gebore is in 2011! Omrede ons baie betrokke is by bikers en non-bikers en gesien het wat die algemene persepsie van die normale man op straat is van 'n "biker", het ons by die Here gaan aanklop vir hulp. Die antwoord was om 'n **SA GOD RALLY** te hou waar **bikers en non-bikers** op gelyke grond saam kon RALLY alhoewel die hele naweek uit en uit gehou was soos 'n bike rally! Paas-naweek 2012 was ons eerste SA GOD RALLY en as julle ons vorige nuusbrief gelees het, sou julle sien watter reuse sukses dit was! Gaan kyk ook gerus na die fotos op ons www.sagodrally.co.za webtuiste.




Ons allokeer ook alle winste indien enige na **PLACE OF RESTORATION (sien Organogram)** om hierdie projek te befonds. Ons het nie 'n wins getoon met ons paasnaweek rally nie alhoewel ons nog baie voorraad oorgehou het en daarom het ons besluit om weer 'n **MINI SA GOD RALLY** te hou op **8 September 2012**! Dis sal vir ons die geleentheid bied om die voorraad en toegangsgelde wat slegs **R50** per persoon gaan wees in die boufonds van **Place of Restoration** te stort. Bid saam met ons vir al die reëlings en dat ons genoegsame ondersteuning sal kry vanuit ons biker kringe en ook die publiek!

**Venue:** Mayfair Village, Klerksdorp
(op die R30 roete tussen Klerksdorp en Orkney/Bothaville)




Net soos ons Paasnaweek saamgekuier het, gaan ons dit presies net so weer doen! Daar gaan baie vermaak, kunstenaars, live bands en kompetisies wees. Ons het die mooiste pryse wat uitgegee word en daar is ook hope pret vir ons kinders! Dus kan ma en pa lekker rally terwyl ons die kiddies besig hou met hul eie "rally"!

**Die manne(..en girls) gaan bietjie wys hoe hulle kan doughnuts gooi en tyres brand... glo daar gaan 'n tyre of 2 wees om te wen!**




Dan natuurlik ons **POWER HOUR** vir die couples! Ons gaan weer 'n interresante sessie aanbied vir ons coupletjies om weer so 'n bietjie vonk in die proppe te sit...ag ek bedoel..die huwelik! Hu-wil-ek bly!!!

## Stalletjies:

Ons gaan weer kuns & kosstalletjies hê teen sakpas pryse! Bespreek asb NOU!

**Kunsstalletjies @ R350 vir die Saterdag**
**Kosstalletjies @ R500 vir die Saterdag**

**Kontak asb René by: (018) 473 5354 (08:00-17:00) of n/u by 073 258 2688**

www.sagodrally.co.za

# Die blou bakkie...



Die **blou bakkie** sal ongelukkige nie hierdie rally kan bywoon nie, want hy kry 'n behoorlike oor-doen van epidermiese preporsies!

Dankie vir **Ps Johan Meintjes**, eienaar van **JJ Towing Services** in Vryburg en ook die pastor van hul **Stellaland Biker's Church** vir sy ontferming oor ons ou geliefde blou bakkie se hart en lyfie... Hy gaan verseker weer blou wees, maar daar gaan beslis nuwe vonk in sy proppies wees... Ons sal nou nie meer kan by bly nie...nê pappatjie???

# Division 6: Kruispad Kampe!

Kampe laat klop ons harte warm! Ons kampe het in 2004 begin in die Noord-Kaap en ons doen steeds op 'n 1 of 2 jaarlikse basis kampe in die Noord-Kaap alhoewel ons ook in ander dele van die land kampe doen. Ons kampe het 'n sterk profetiese salwing en daarom vloei ons 100% saam met die Heilige Gees deur profetiese Aanbidding, Woordbediening en een-tot-een bediening. Ons laat toe dat die Heilige Gees die hele program orgestreer en ons het oor die afgelope 8 jaar soveel vroue en manne gesien wie se lewens radikaal verander het deur die werking van God se salwing en Sy Heilige Gees!




## Leeupoort Mannekamp 2 & 3 Junie

Dit was sommer 'n Goddelike tydjie in 'n myndorpie wat jare terug al opgehou bestaan het met 'n handjievol inwoners. **Ps Gisela Joubert** het 'n pragtige kerkie daar en sorg dat hierdie manne & vroue voortdurende bederf word met bedienaars reg oor ons land! Ons was bevoorreg om hulle te kon bedien en prys die Here vir 'n groepie mense wat waaragtig gevul is met die Leeu uit die stam van Juda! Ons het ook lekker gekuier, kwaliteit vriende ontdek en ons gee God al die eer!




**'n MAN wat GOD dien, is 'n man met "guts"! Nie 'n ruggraatlose jellytot mannetjie nie.."** *Ps Francois se beroemde gesegde!*



Francois wys hoe ons die Vuur van God in ons moet beskerm!






**BESPREKINGS & NAVRAE**

**Sonja: 018 473 5354 of 084 208 7604**
**Fax: 086 622 5363**
**Online: www.crossroad-ministries.co.za**

**Crossroad Gospel Message (Pty) Ltd**
**BANK: FNB Wilkoppies TAK KODE: 250655**
**REK NO: 62355533540 VERW NO: Naam & Sel**

**NB:** Help ons asseblief hierdie jaar om ons besprekings te vergemaklik!
- **GEEN** besprekings sal gedoen word alvorens die volle bedrag nie betaal is nie.
- Bring asb jou **inbetalingsbewys** KAMP toe vir registrasie.

**Camp Fees:**
Normal Entry (13yrs +) - R300
Children 0-4 Years - Free
Children 5-12 Years - R220
Pensioners 60+ - R250

| | |
|---|---|
| **NAAM /NAME** | |
| **VAN/SURNAME** | |
| **ADRES/ADDRESS** | |
| **WORK / WERK TEL** | |
| **SEL/CELL** | |
| **KERK/CHURCH** | |
| **ID NR** | |
| **VERVOER MET BUS?** R200 per persoon vanaf Vanderbijlpark | |
| **HANDTEKENING SIGNATURE** | |

## Ons volgende Profetiese Vrouekamp vind plaas vanaf 26 tot 28 Oktober 2012 in Barkley-Wes op die Deo Gloria Kampgronde!

- Ons het ook reeds **busse bespreek wat op die N12 roete loop** tussen Pretoria en Barkly-Wes! Ja, ons vroue kom van regoor die land en Barkly Wes is omtrent die middelpunt van SA...letterlik en figuurlik!
- Ons probeer ons **kostes so laag as moontlik** te hou en maak daarom baie staat op **donateurs**.
- Die kostes vir die jaar se kamp beloop slegs **R300 per vrou** (Akkommodasie, etes en geskenk ingesluit!)
- Die koste vir die bus beloop 'n skamele **R200 per vrou (retoer!)** Dis net ons girls van Pretoria wat so bietjie ekstra gaan moet betaal aangesien die busse aanvanklik net vanaf Vanderbijlpark geloop het.
- Ons **kos is uitstekend** en Riana & Braam is verseker die beste kamp ko-ordineerders wat ek in my lewe ontmoet het!

**Inskrywingsvorms** kan ook gedownload word van ons website: www.crossroad-ministries.co.za of vroue kan aanlyn **reg-istreer** op hierdie selfde webstuiste...gaan net na REGISTRATIONS en boek jou plek sommer vandag nog!
*Ons boek slegs betaalde besprekings hierdie jaar sodat ons verseker kan wees elke vrou kry haar regmatige plekkie en daar is geen probleme met ons chalets se getalle nie*.

**ONDERSTEUN ONS ASSBELIEF!** Indien jy voel jy wil ons help om 'n vrou se lewe aan te raak met 'n groot blessing, praat met ons en borg haar! Ons kry daagliks navraag van vroue wat wil gaan, maar dit nie kan bekostig nie. Ons beskik nie oor die finansies om almal te akkommodeer nie, maar elke donasie maak die taak op ons skouers ligter.

**KOM VROUE, DIE TYD LOOP UIT EN DIE PLEKKE RAAK VOL...BESPREEK SOMMER NOU!**

Neem asb kennis dat ons bankbesonderhede ook verander het vanaf 20/4/2012 as volg:
***Crossroad Gospel Message (Pty) Ltd***
***First National Bank Acc nr: 62355533540, Takkode 250655***
(Die bestaande bankrekening sal nog in werking bly tot alles finaal oorgeskakel is)

# Affiliated Division: Stunters 4 Christ



**Kruispad & Stunters 4 Christ** se bedieningsverhouding vul mekaar aan soos geen huwelik dit kan doen nie! Hierdie is 'n besonderse en baie unieke metode van Evangelisasie, maar die impak wat ons maak is finominaal en ons gee die Here al die eer! Ons kry ook baie mense wat hulle bedenkinge het oor hoe ons bedien aangesien dit 'n lewensgevaarlike sportsoort is...alhoewel dit nie veel verskil van Formula 1, Rugby, absailing of enige ander sport nie.

Paulus skryf in **2 Korinthiërs 12:15** *"En ek sal **baie graag uitgee**, ja, **myself weggee vir julle siele,** al word ek, terwyl ek julle oorvloediger liefhet, minder bemin. (vers 16) Maar laat dit so wees! Ek het julle nie beswaar nie, **maar omdat ek slim was, het ek julle met lis gevang!"***

**Kyk, ou Paulus wat eers Saulus was, was verseker 'n baie slim man!** Hy was 'n Fariseër voor hy Paulus die apostel geword het en het die Skrifte uit sy kop geken! Hy het ook 'n goeie mense kennis gehad en skryf later twee derdes van die Nuwe Testament! Paulus het behoorlik gely vir die Evangelie, maar ons kan so baie leer by hom. Hy het geweet wat hy moes doen om siele in te bring al moes hy hul **met lis vang**, was hy bereid om homself weg te gee vir hulle siele! Ons weet dat die Here hierdie bediening geplant het deur **Ps Willie & Heleen Bruwer** en die siele wat al ingekom het...wel, ons kan nie eers meer rekord hou nie, want dis net te veel!! Geharde manne en vroue wat nie hul voete in 'n kerk wou sit nie, het al in die **STRAAT,** in die **OPENBAAR**, voor **HORDES mense,** hul lewens vir God gegee en **riviere trane van vrymaking het al gevloei**!

# Mafikeng & Leeudoringstad 26 Mei 2012








Dit was 'n tawwe dag! Vroegoggend het ons hele span in die pad gespring **Mafikeng** toe vir 'n vertoning/bediening 10:30 by die **Crossing Mall** vir hul 7de verjaarsdag herdenking. Ons het klank opgeslaan en begin stunt en bedien en teen 12:30 weer in die pad gespring vir **Leeudoringstad** se **Jeug Fees**! Halfpad Leeukies toe, skuif die bike trailer wat 3 stunt bikes gedra het se as...nou ja, toe moes ons gou spring en planne maak! Ons volgende optrede was geskeduleer vir 15:00 en ons het gesien ons gaan dit nie betyds maak nie. Dit was 'n adrenalien rush en die




stunters se meganiese vaardigheid is tot die uiterste beproef. Uiteindelik kon hulle 'n tydelike oplossing vind en ons was weer in die pad! Hier het ons al gevoel die vyand gaan te vêr, want in Mafikeng het **Stunter Vince se bike onder hom uitgegly,** maar die Here se beskerming was wonderbaarlik en niemand het seergekry nie. Vince het net sy voet verstuit.



**MIN HET ONS GEWEET** wat nog vir ons wag! Die vyand het gehaat waarmee ons besig was....
Ons het 'n halfuur laat in **Leeudoringstad** aangekom en moes in 'n kwessie van minute regmaak vir ons volgende optrede. Die druk was kwaai en ons kon die moegheid voel vat-vat aan ons lywe en ons gees.

Die stunters het skaars begin...**toe gebeur dit**... Frankie wou 'n stunt doen waar hy regop bo-op die bike (1000cc) se tank staan. Al hierdie toertjies gebeur teen redelike hoë snelhede en die pad was nie gelyk genoeg nie asook bietjie sanderig wat dit baie moeilik gemaak het om sy balans te behou. Frankie se bike het onstabiel geraak en hy het afgespring om homself te beveilig. Ongelukkig het hy skeefgetrap soos julle op die foto kan sien en sy regterbeen gebreek. Beide sy tibia en fibula is gebreek, maar Frankie sterk alweer goed aan al gaan hy vir 'n hele rukkie buite aksie wees.




# Dankie Leeudoringstad!

**Die ondersteuning was oorweldigend en God se guns was met ons!** Frankie het reg voor die paramedics geval...hulle kon binne 5 sekondes by hom wees. Die mense het hul harte en sakke oopgemaak vir hierdie onvoorsiene uigawe aangesien Frankie geen medies het nie. Ons wil vir elkeen wat bygedrae het dankie sê names Kruispad en die Stunters. Julle het weereens gewys wie Jesus is en hoe lyk God se onvoorwaardelike liefde!!! Die siele wat daardie aand ingekom het vir God se Koninkryk sal hierdie dag NOOIT vergeet nie. Frankie het nou werklik soos ou Paulus homself weggegee vir die siele! Dankie Here dat hy bewaar is en dat U altyd in beheer bly solank ons in U perfekte wil bly!






# Ons groet vir John Fourie...

John het 'n **heupvervanging** ondergaan in Pretoria, maar sy liggaam was te swak agv die feit dat John 'n dialise pasient was vir bykans 18 jaar in Klerksdorp en hy is op **6 Mei oorlede**. Dit was vir almal 'n geweldige skok, want John en Zanette was net die vorige week by die Biker's Week in Margate en hulle het dit gate uit geniet!



**Ps Francois het die begrafnis op 11 Mei waargeneem** vanuit die **Moregloed Hervormde Gemeente** in Klerksdorp en dit was vir hom 'n groot voorreg aangesien John vir bykans 2 jaar deel was van die **NW Biker's Church & Road Captain van DMR.**

**Ons het aanskou hoe letterlik 100de hande opgegaan het om hul lewens voor God reg te maak en Jesus opnuut Koning van hul lewens te maak nadat Ps Francois die uitnodiging gemaak het. John het gesterf, hy het die ewige lewe beërwe, maar dit ook aan baie ander gegee, amen! Jesus leef!!!**

# Ons Kruispad Busfonds Balans!

| ACCOUNT TRANSACTION HISTORY | | |
|---|---|---|
| Name: | CROSSROAD BUS FUND | Crossroad Bus Fund |
| Account Nr: | 62291074848 | (hierdie is 'n sub-rekening spesiaal vir die busfonds by FNB) |
| Balance: | R37 131.88 | 22/6/2012 |

Hierdie fonds is in die lewe geroep nadat die direkteure van **Newcom Fluid Management** die opdrag van God ontvang het en gehoorsaam was! Dankie Della, Francois & Nikki! Daar is baie beloftes rondom hierdie bussie en ons glo dat ons binnekort ons hele **Crossroad Crew** kan vervoer tesame met al ons klank en multi-media toerusting! Dankie vir elkeen wat bydrae tot hierdie fonds - ons staan in afwagting saam met jou om te sien wat God gaan doen! **AND ALL WILL SEE HOW GREAT IS OUR GOD!**

# Kruispad Konings!!

**As jy ook graag 'n Kruispad Koning wil word, kan jy hierdie vorm download van ons website www.crossroad-ministries.co.za of stuur vir ons 'n sms na 073 258 2688 met jou e-pos of faksnommer.**

Minimum bedrag is R55 per maand. Die getal 5 beteken GENADE... 55 beteken dus...GENADE op GENADE!!

Dankie vir die getrouheid van elke Kruispad Koning. Julle gebede en fiansies maak dat Kruispad 'n impak kan maak op soveel mense se lewens! Dankie, dankie, dankie!



## Op 'n ligter noot...

Jannie vra vir sy pa: "Pa, die Bybel sê die hele tyd..."die kinders van Israel het tente gebou"..."die kinders van Israel het oorlog gemaak"..."die kinders van Israel was slawe in Egipte"..."Pa, het die grootmense dan niks gedoen nie?" **Ja, nê!**

# Grace Line Beradingskantoor skuif...



Van ons Klerksdorpers en omgewing ken al vir Gerrie van Aswegen baie goed en het al bediening ontvang by Grace Line wat eers in Janice str geleë was. Gerrie se nuwe kantoor is nou in **Anton Straat 4**, **Wilkoppies, Klerksdorp**. Connie Claassens staan Gerrie by en help ook uit waar nodig. As jy 'n emosionele of geestelike behoefte en en werklik Heilige Gees bediening soek, kontak hulle vandag vir 'n afspraak! **Skakel Connie by 082 328 2988.**

**Moenie uitstel nie, jy is kosbaar!!**